# 12 Maart 2020 - Lesing 1 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

## DEEL 1 - Geen ander Elohim buiten JaHshua nie!

My mede-Boere gelowiges in JaHshua. Daar is tans soveel verwarring wat gepredik word tov die EENHEID van Elohim (Elohim) sodat daar tans oral geestelike chaos heers, selfs tot die uitverkorenes word mislei deur die dwaalgeeste waaronder sommige predikers die Woord verkondig.

Daar is slegs EEN ELOHIM wie nou vir ons in die Vlees vergestalt is as JaHshua Messias. Een Wese, nie twee nie, nie drie nie, ook is JaHshua nie die Vader se handlangertjie nie, Hy JaHshua, IS DIE VADER, HY IS DIE SEUN en HY IS DIE GEES. Die volgende paar aflewerings sal die vrae van n bekommerde suster hanteer en haar vrae sal so volledig moontlik beantwoord word.

My dierbare sus in JaHshua. Ek weet dat jy 'n ernstige verhouding met ons Vader het en jou woorde getuig altyd daarvan. Daarom kan ons met mekaar in liefde verskil in debat. Op die ou einde is dit slegs die Vermaner in jou hart wat jou kan oortuig, die Troostergees wat deur JaHshua vir ons uitgestort is, nie die verstand nie. Onthou dat ek ook vir die grootste deel van my lewe so geglo het soos jy. Ek sal jou stellings hierbo punt vir punt deurwerk, - nie om punte te wil maak nie, maar omdat ek jou in JaHshua liefhet soos 'n broer teenoor 'n suster.

**Jou stelling: "En Messiah antwoord hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie behalwe een, naamlik Elohim. Wat het Messiah hier bedoel?"**

Ons fokus moet net 'n klein bietjie skuif, naamlik dat Vader IN JaHshua is en nie buite Hom nie. Dis meeste mense se fout, - want hulle sien die Vader as iemand in die ruimte wat op n troon sit soos n mens. Vader is Gees, Hy is alomteenwoordig, oneindig, ontsagwekkend....

Ons verhaal begin met geboorte van JaHshua in die grot toe die Gees van Wysheid ingetrek het in die Seuntjie soos wat Hy uitgekom het. (**Oer Evangelie van Jakobus Hfs 192** in die BVH)

*19:2b En meteens trek die **Wolkkolom** weg van die grot en daar verskyn 'n **groot Lig** in die grot, sodat hul oë haar nie kon verdra nie.*

*2c En geleidelik het **daardie Lig verminder** totdat die Kindjie te voorskyn kom en die bors van Sy moeder Mirjam neem.*

*2d En die vroedvrou roep uit en sê: Vandag is dit 'n groot dag vir my deurdat ek hierdie ongewone skouspel gesien het.*

Dit verwys direk na Exodus 40 waar die Wolkkolom (Gees) vanaf Sinai in die voltooide Tabernakel ingetrek het en as 'n voortdurende brandende vlam sigbaar was op die Versoendeksel (voorstelling van JaHshua se hart). Die Gees is die volheid van die Vader, want Elohim is Gees. Onthou net dat Moses afbeeldinge gemaak het van die Ware wat toekomstig sou kom deur die Messias.

*Exo 40:34 Toe het die Wolkkolom die Tent van Samekoms oordek, en die **Glansrykheid van JaHWeH het die Tabernakel gevul**, [Exodus 25:22; Wysheid van Sirah 24:10]*

*Exo 40:38 Want die Wolkkolom van JaHWeH was **bedags** op die Tabernakel, en **vuur was snags daarin**, voor die oë van die hele huis van JisraEl, op al hulle togte.*

Hy, die Vlees-JaHshua was tydens bogenoemde vraag van jou nog nie verheerlik nie, omdat Hy nog op die oorwinningspad was, dus het Sy Siel nog nie EEN geword met Sy Gees nie, Wie JaHWeH SELF in Hom was, net soos die voorstelling in die Allerheiligste van die Tabernakel. **Dis al Wie goed was, nl. die VaderGees in Hom**. Kyk egter wat sê Hy NADAT Hy opgestaan het uit die dode:

*"**Matt 28: 17** En toe hulle Hom sien, het hulle NEERGEVAL VOOR HOM; **maar sommige het getwyfel**.*

*18 En JaHWèshua het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: AAN MY IS GEGEE ALLE **MAG IN DIE HEMELE EN OP AARDE.** [Boekrol van Henog 55:4; 69:27; DaniEl 4:25; MattithJaHûW 25:31; JeHôWganan 5:22; 13:10; 1 JeHôWganan 3:3]*

*19 Gaan dan heen, maak studente van al die [My3] nasies, en was/doop hulle in die **Naam** van die VADER en die Seun en die Gees van die Apartheid; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. [Psalm 51:2; JeshaJaH 1:16]*

*20 En kyk, **EK IS MET JULLE** al die dae tot aan die voleinding van die tyd. Amein."*

# 13 Maart 2020 - Lesing 2 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

Sien jy nou die klemverskuiwing vanaf Elohim en Vader waarheen Hy hulle vroeër na verwys het tydens Sy 3,5jr lering, verander **nou na HOMSELF toe.** Hulle aanbid Hom en Hy skiet hulle nie af nie. Sommige het egter getwyfel, soos Ek self voor hierdie openbaring en jy ook nou. Dis normaal, my sus. Kom ons kyk verder.

Alle mag is nou **in Hom** en nie meer buite Hom nie, in die Hemele en op die Aarde. Die opdrag om in die DRIE gedoop word, is eenvoudig 'n bevestiging dat ons self as drie-eenhede in een eenheid nou in liggaam, siel en gees gedoop moet word, dus volkome. Vader is die **EWIGE LIEFDE**, die SEUN is die **WYSHEID** en nou, na eenwording tussen Liefde en Wysheid kom die **KRAG van die Ewige Lewe** nou deur Hom, JaHshua **ALLEEN**.

Ook sê JaHshua regdeur die **eindtydboek** Openbaring dat Hy die **Alfa en Omega** is, die begin en einde, dus die oneindigheid Self. Hoe kan Hy dit dan sê, indien die Vader die ENIGSTE ONEINDIGHEID is en geeneen kan langs HOM bestaan en daardie stelling maak nie. Dink net aan Lucifer wat dit probeer het! Die enigste manier hoe daar twee oneindighede kan bestaan is **INMEKAAR**, maar nie **LANGSMEKAAR** nie! Dus as volkome EENHEID.

Selfs arme ou Petrus (wie die oorwinning oor die vlees voorstel) wis nie mooi hoekom JaHshua vir hom alleen uitsonder en **3 keer vra om Sy skape te laat wei nie**. Toe verwys Hy Petrus nie na Elohim of die Vader nie, want **Hy was nou verheerlik** met Gees en Vader in Hom met die volgende Woorde.

*"Johannes 21:19 En dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy Elohim sou vereer; en toe Hy dit gespreek het, sê Hy vir hom: **VOLG MY**. 22 JaHWèshua antwoord hom: As Ek wil hê dat hy bly totdat Ek kom, wat gaan dit jou aan? **VOLG jy MY."***

Let wel, VOLG MY, nie volg die Vader nie, of volg Elohim die enigste goeie ding nie. Dis tog mos baie duidelik dat jy hieruit en in die verse in Matt 28 hierbo kan aflei dat Hy nou na die oorwinning oor die dood, Self goed was, Self Elohim was, **ImmanuEL Self**, anders kon Hy nie hierdie stellings gemaak het nie.

## DEEL 2-3 - Geen ander Elohim buiten JaHshua nie!

**<u>My suster se vraag?</u>**

**<u>"Wie sit dan aan die regterhand van Elohim?"</u>**

Net in die vraag alleen kan jy sien dat hierdie begrip nie letterlik opgeneem kan word nie, want dit veronderstel alreeds 2 entiteite, eerstens 'n Almagtige Vader en LANGS HOM as 'n TWEEDE ENTITEIT, 'n Seun as nog n wese, aan Sy Regterhand.

*Deu 6:4 HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey, JaHWeH [is] EEN.*

Die Seun Self is Elohim, want dis geprofeteer deur Jesaja dat Hy ImmanuEL sou wees EL (Elohim) met ons. JaHshua kan dus slegs IN die Vader wees en die Vader IN Hom. Dis hierbo bewys. As ons egter die woordjie "aan" vervang met "as" dan sou Hy AS DIE REGTERHAND wees en die EENHEID van ELOHIM word dus nie gebreek of geskaad nie. Maar nou staan daar "aan" en nie "as" nie, dus moet ons verder ondersoek instel.

JaHshua sê die volgende in Matt. 5: 30

*"En as jou regterhand jou laat struikel, kap haar af en gooi haar weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie."*

Wat stel die regterhand en regteroog voor? Dis is jou materiële hand/oog, waar die linkerhand, naaste aan jou hart, die geestelike arm of oog voorstel. Dus sê JaHshua hiermee dat die materiële begeertes in hierdie gevalle wêreld beheers moet word deur nie daarna te kyk of daarna te gryp nie. Watter doel het JaHshua in die gevalle materiële wêreld kom vervul? Hy het die materie (die verganklike vlees) kom oorwin, Hy het as Elohim se vleeslike REGTERHAND aarde toe gekom, sodat Elohim se Ewige Huis nou ook opgerig kan word in die gevalle materiële ryk en wel as die NUWE JERUSALEM wat deur Hom na die AARDE toe neergedaal het.

Of dit nou "aan" of "as" is, die begrip van EEN ELOHIM moet geld (Deut 6:4). Elohim is dus nou as sigbare Elohim opgerig deur en in JaHshua in die gevalle ryk van Lucifer, sodat ImmanuEL JaHshua ons gehoorsame skapies nou as DEUR en HERDER van die skaapstal na die nuut opgerigte Vaderhuis/Homself kan bring.

# 14 Maart 2020 - Lesing 3 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

## Deel 3

***Jou stelling:***

***"In Openbaring 22 sê Messiah vir Johannes dat Hy 'n mededienskneg is en dat Johannes nie vir Hom moet neerval nie maar Elohim alleen moet aanbid? So as Messiah en die Vader een wese is met ander woorde, maak die bogenoemde verse nie vir my sin nie. "***

Jou stelling hierbo is verkeerd. Dis 'n Boodskapper/Engel wat met Johannes praat, nie JaHshua nie.

***Openbaring 22:8*** *"En dit is ek, JeHôWganan, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek* ***neergeval om te aanbid*** *voor die voete VAN DIE BOODSKAPPER wat my hierdie dinge getoon het.*

*9 Toe sê hy vir my: Moenie! want EK IS 'N MEDEDIENSKNEG van jou en van jou broers, die Profete, en van hulle wat die Woorde van hierdie Boekrol bewaar. Aanbid Elohim.*

*16 Ek****, JaHWèshua, HET MY BOODSKAPPER GESTUUR*** *om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die saadlyn van Dawid, die glansende Môrester."*

Watter Boodskapper word gestuur, soos in Maleagi 4 belowe?

*Mal 4:5 Kyk,* ***Ek stuur julle die profeet EliJaH[ûW]*** *voordat die groot en ontsagwekkende dag van JaHWeH aanbreek.*

*Mal 4:6 En hy sal die* ***hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders****, sodat Ek nie hoef te kom en die Aarde met die banvloek tref nie. [Wysheid van Sirah 48:10]*

Duidelik lei ons uit hierdie verse af dat dit nie JaHshua was voor wie Johannes wou neerval nie, maar n gestuurde Engel/Boodskapper deur JaHshua Self, omdat Hy nou na Sy oorwinning al die mag in die Hemele en op aarde het.

Toe JaHshua op aarde was, voor Sy opstanding, was die Vadergees nie buite Hom nie, maar IN HOM soos in vorige Deel 1 beskryf. As Hy bid tot Vader, bid Hy na Sy innerlike toe, na Sy hart toe, na die VADERGEES toe, want JaHshua sê tog self dat die koninkryk IN ONS is en nie in die woestyn of binnekamer nie.

***Lukas 17:21*** *En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die Koninkryk van die Elohim is in julle (midde).*

***Luke 17:21*** *Neither shall they say, Lo here! or, lo there! for, behold, the kingdom of Elohim is* ***within you****.*

Hoe kan dit dan anders wees met Hom. En dis meeste mense se fout. Hul bid na twee of drie Entiteite toe en kan dan nie die woorde van JaHshua verstaan nie.

Dis die hoofrede hoekom meeste van ons mense se gebede nutteloos is. Ons fokus nie op die EENGOD, ImmanuEL JaHshua nie. Die HELE KONINKRYK is nou na Sy oorwinning IN HOM! Die Skepping rondom ons is slegs Sy werke.

## DEEL 4 - Geen ander Elohim buiten JaHshua nie!

My suster se vraag?

***Jou stelling "Hoe gaan mens na die Vader deur Messiah as Messiah die Vader is? Waarom bid Messiah in die tuin van Getsemané ONSE Vader? As Hy Vader in menslike vorm is bid Hy dan vir Homself aan Homself?"***

Ek antwoord jou met die volgende verse: in **Johannes 1.**

***Johannes 1: 1*** *"IN die begin was die* ***Woord****, en die* ***Woord*** *was by die Elohim, en die* ***Woord*** *was Elohim. [Génesis 1:1; 2 Ezra 6:38]*

*2 Hy* ***(die Woord)*** *was in die begin by Elohim.*

*3 Alle dinge het deur Hom* ***(die Woord)*** *ontstaan, en sonder Hom* ***(die Woord)*** *het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.*

*4 In Hom* ***(die Woord)*** *was lewe, en DIE LEWE WAS DIE LIG van die adam.*

*5 En die LIG SKYN IN DIE DUISTERNIS, en die Duisternis het Hom* ***(die Woord)*** *nie oorweldig nie.*

*10 Hy* ***(die Woord)*** *was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom* ***(die Woord)*** *ontstaan, en die wêreld het Hom* ***(die Woord)*** *nie geken nie.*

*11 Hy* ***(die Woord)*** *het na Sy Eiendom gekom, en Sy Eiendom het Hom* ***(die Woord)*** *nie aangeneem nie.*

*14 EN DIE WOORD HET VLEES GEWORD en het onder ons vertoef - en ons het Sy* ***(die Woord)*** *Glansrykheid aanskou, 'n Glansrykheid soos van die Eniggeborene* ***(die Woord)*** *wat van die VADER kom - vol van Barmhartigheid en Waarheid."*

Om hierdie eerste verse van Johannes te verstaan, is dit eers noodsaaklik dat ons meer van die Wese van ons Vader verstaan. Ons Vader se Wese bestaan uit DRIE, -

**1. LIEFDE,**

**2. LIG en**

**3. LEWE.**

Dit is Sy Oer-eienskappe wat Hy buite Homself geplaas het, in en as drie magtige Engelwesens, net soos 'n vrou wat geboorte gee en die kind nie vir ewig binne haar baarmoeder laat voortbestaan nie, maar wel buite haar plaas. Hierdie 3 **Hoogste-Engel-Vorste** was geskape **(buite die ontoeganklike Elohim)** met 'n eie vrye wil en dis hoekom dit vir Lucifer moontlik was om te rebelleer, want hy was nie as 'n gehoorsame robot geskape nie. Die DRIE:

1. JaHshua as geestelike verhewe wese, die LIEFDE,
2. Lucifer as geestelike verhewe wese, die LIG
3. "Nog onbekend" as geestelike verhewe wese, die LEWE

Nadat die LIG (Lucifer) geval het, kon sy posisie nie vakant bly nie, dit moes dadelik gevul word nadat hy uitgewerp is uit die Vaderhuis en neergewerp is in die Doderyk.

Want anders kon die **WESE VAN ELOHIM/VADER** in die **heilige GETAL 3** nie vêrder bestaan nie.

### Uit Gesprekke met die engele, Hoofstuk 6en 7, deur JaHshua gedikteer aan Marietha Nel

***JaHshua spreek****: Dit is* ***Drie Groot Vorste*** *wat die Wese van MY voorstel.* ***Lig, Lewe en Liefde****. Die eerste daarvan is Liefde, wat gelyk is aan die Bestaan of Ontstaan en die tweede is Lewe wat uit die Warmte van Liefde ontspring. Die derde hiervan is Lig,* ***Hy staan vir MY Wysheid****, wat die Lig is van die geskapenes. Verstaan dat hulle net die* ***Uitbeelding van MY Wese*** *is, want EK is nie 'n drieledige Elohimheid nie. Die Wese van MY kan kom in Wysheid of net in Liefde of in Krag, maar* ***EK IS Één en oneindig****.* ***Die Drie is MY Heilige en Aparte Vorste wat die Liefde, Wysheid en Krag uitbeeld.***

*JaHshua: EK gaan jou eers vertel van die Drie; Aan die begin was daar Drie en* ***die Sewe het uit hul voortgekom****, maar die Één, gelyk aan die* ***Lig van Elohim****, wat EK IS, het* ***geval****. Sy naam noem julle Lucifer of Ligdraer. Maar EK het dadelik 'n Vors geroep om die plek te vul van die gevallene, jy vra nou hoekom EK dadelik 'n ander Vors in sy plek gestel het?* ***Dit is om ewig uit te beeld dat MY eienskappe sal bestaan****. En die Vors wat EK geroep het om in Lucifer se plek te staan, is* ***<u>ook</u>*** *die gelykenis van die Lig. Die éen wat dit waardig is, kry die plek by MY, of het jy gedink dat die plek leeg moet bly? As EK die plek sou oop los, dan is daar net twee om MY Wese uit te beeld, dit wil sê, Liefde en Lewe,* ***maar niks kan ontstaan sonder Lig nie, en dus herstel EK die simboliek****.*

Lees nou weer die verse in Joh. 1 en kyk hoe Hy, JaHshua, as die WOORD en nou ook as die LIG na ons gevallenes op aarde toe kom. Maar Hy moes nou na die gevalle Koninkryk van Lucifer toe kom, die gevalle ryk met biljarde en biljarde gevalle wesens wat saam met Lucifer **afgesny is** na sy rebellie teen Elohim.


Daarvoor moes die WOORD-en-LIG-JaHshua Vlees aanneem, want Lucifer se gevalle ryk het nou die dood in homself gehuisves in die vorm van gevalle materie. ALLE materie huisves die dood en dis wat JaHshua moes kom oorwin as sondelose wese binne die sonde. Dus het Hy die drie eienskappe van Vader in Homself geberg toe Hy op aarde gebore is, oftewel die doodgaande vleesliggaam aangeneem het.

Hoe die ding werk is dat die ontoeganklike verhewe Elohim/Vader in Sy onbereikbare verheerlikte toestand, wat nie deur engel of mens benader kan word nie, die oergedagte voortbring of bedink en die Woord, die Lig en die Lewe ontvang dit dadelik en gee uitvoering daaraan. Dis hoekom JaHshua sê: Slegs My Vader in die Hemele weet, want die gedagte was nog nie bedink nie! Sodra JaHshua die oergedagte van Vader ontvang vanuit Sy binneste, vanuit Sy hart, omvorm HY, JaHshua die gedagte tot skeppingswerke en -dade. So ook met die oorwinning oor die dood.


Nou is die **hele Wese van Vader** nou ook in die gevalle sondige ryk gevestig **in JaHshua** deur Sy offer en opstanding in Sy eindtyd-Melgisedek orde, wie Sy Bruid aan die eindtyd is wat weer met Hom een sal word om deur hulle die DRIE EIENSKAPPE van die Elohimheid voort te dra.

Na die 144 000 se vereniging of eenwording met JaHshua, die Bruidegom, **dra hulle dan as Elohim-seuns die Elohimheid vêrder in die gevalle skepping in**. Die verenigde Bruid word dan self Elohim volgens:

***Ps. 82.6 "Ek self het gesê: Julle is Elohim, en julle is almal Seuns van die Hoogste El -"***



Die struktuur van Elohim buite Abba Vader JaHWeH (EK IS WAT EK IS)



# 16 Maart 2020 - Lesing 4 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

## DEEL 5 - Geen ander Elohim buiten JaHshua nie!

***My suster se vraag en jou Stelling: "Hy is ons Verlosser en Saligmaker. Dit glo ek. Die feit dat ek die twee afsonderlik sien, beteken geensins ek misken Hom in enige vorm nie. Ek verstaan dat Hy gestuur is as Vader se woordvoerder. Vader is te groot en te Heilig vir enige mens om Sy teenwoordigheid te kan oorleef, daarom het Hy Sy eniggebore seun gestuur. Hy het Sy eniggebore Seun gestuur! As dit Vader self was wat in menslike vorm gekom het, hoekom sal Hy dan Homself stuur maar sê Hy stuur Sy Seun?"***

Ek dink meeste van jou vrae hier is in die vorige 4 gedeeltes behandel. As jy nou besef wie JaHshua was in Sy verheerlikte geestelike toestand, sal alle twyfel wegval. Twee afsonderlike wesens kan dit NOOIT wees nie, want of jy moet JaHshua afskaal na 'n mens alleen, of jy moet Hom as EEN sien binne Elohim-Vader.

Net soos wat die drie Groot Geestelike Wesens, LIEFDE, LIG EN LEWE in bestaan gespreek is deur die ontoeganklike Vader as Sy Engele-seuns, of anders gestel, hulle moes "gebore" word as Seuns, maar elkeen met Vader se spesifieke eienskap in homself, is hulle Seuns, maar is ook gesamentlik die volle Wese van Vader. So werk dit ook met die plasing van die **Liefde, Lig en Lewe** in JaHshua as vleeswese. Hy moes as Seun van die adam en Seun van Elohim gebore word, maar is steeds die Vader Self, bevat steeds al Vader se oer-eienskappe, want wat anders as Vader Self kan uit Homself voortkom! Dit word beskryf in:

**Odes van Salomo 19:**

*19 "'**N BEKER saad** was My aangebied, en Ek het hom ingeneem as die soetheid van die Suiwerheid van JaHWeH.*

*2 Die Seun is die Beker en HY wat getap is, is die VADER, en **Sy** wat HOM getap het, is die **Gees van Apartheid**;*

*3 Want SY saadorgaan was vol, en dit was nie wenslik dat SY saad sonder rede afgeskei word nie;*

*4 **Die Gees van Apartheid het Haar skoot geopen en die saad vanuit die twee saadselle van die VADER vermeng,** [Lukas 2:21]*

*5 en het die **Mengsel aan die wêreld gegee** sonder dat hulle daarvan bewus was; en hulle wat Hom ontvang, is in die volheid van die Regterhand.*

*6 Die **baarmoeder van die maagd het Hom (DIE MENGSEL oftewel EMBRIO) omhels** en sy het swanger geword en gebaar." (einde van Skrif-aanhaling)*

So kan ons dus duidelik sien dat die EMBRIO JaHshua in die hemele verwek is en dit nie 'n saad is wat in Miriam geplaas is nie. Hierdie volkome ongeskape gees en geskape Vlees noem ons Seun van Elohim en Seun van die Mens (adam).

Nog 'n probleem wat mense het, is die begrip van die Lam as een entiteit en Elohim as 'n ander entiteit in die Boek Openbaring. Onthou net dat daardie gesigte van Johannes EINDTYD GESIGTE is waar die MELGISEDEK-ORDE, die Elohim-orde reeds opgerig is volgens **Psalm 82**:

*82:1 "**ELOHIM** staan in die vergadering van **El**; Hy (**EL**) regeer vanuit **<u>die midde</u>** van die **Elohim**. [Openbaring 5:6]*

*6 Ek (**EL**) self het gesê: **JULLE IS ELOHIM, EN JULLE IS ALMAL SEUNS VAN DIE HOOGSTE El** –"*

Dawid sien die voltooide eindtyd-opgerigte Elohim-orde op aarde, naamlik die **Melgisedek-orde** en **JaHshua-Bruidegom as EL** regeer vanuit die **orde se midde** as die ENIGSTE Melgisedek-priester in Sy Bruid se harte, nadat Hy hulle op aarde omvorm het tot Ewiglewende wesens met liggame soortgelyk aan Sy verheerlikte opstandingsliggaam.

Nog 'n probleem met die Twee-Elohim mense is die volgende verse in die boek Daniël waar daar van die OUE VAN DAE gespreek word en die persoon **<u>SOOS</u>** die Seun van die Mens voor Hom gebring word en koningskap aangebied word.

**Daniel 7:9-13:**

*"13 Ek het gesien in die naggesigte, en kyk, met die Wolkkolom van die Hemele het Een gekom **<u>SOOS</u>** DIE SEUN VAN 'N MENS, en **Hy** het gekom tot by **DIE OUE VAN DAE,** en hulle het Hom nader gebring voor HOM. [Openbaring 5:5 - 9]*

*14 **En AAN HOM (nou JaHshua en Sy Bruid) is gegee Heerskappy en Eer en Koningskap;** en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; Sy Heerskappy is 'n Ewige Heerskappy wat nie sal vergaan nie, en Sy Koninkryk een wat nie vernietig sal word nie. [Boekrol van Henog 25:3; Lukas 1:32-33]"*

Kyk mooi, dis 'n eindtyd profesie van 'n eindtyd ryk wat opgerig gaan word, nadat die Beeld van Nebukadnesar aan Sy voete van yster en klei omgestamp word deur die **Rots van die Waarheid** (**die JaHshua-Trooster -gees**). Dit gebeur met die oprigting van die Melgisedek-orde met JaHshua as Bruidegom en die 144 000 Melgisedek priesters as Bruid, wat EEN sal wees met Hom. Aan hulle sal die eindtyd Koningskap en Heerskappy gegee word, want dis wat Melgisedek beteken, (**Koning van Geregtigheid**). JaHshua as die OUE VAN DAE en die BRUID as die een **<u>SOOS</u>** die Seun van die Mens, let wel, nie die SEUN VAN DIE MENS NIE, maar SOOS die Seun van die Mens.

En so is daar geen vers in die ganse Skrif wat die EENHEIDSBEGRIP van VADER en SEUN teenstaan nie. EEN WESE, nie twee nie, ook nie drie nie.

Dankie, my sus. Vader het my vanoggend 'n direkte opdrag gegee om hierdie stukke vir jou te skryf. Seëninge daar en bid asb. ernstig en innerlik hierdie gebed:

"Vader, gee U my die Waarheid, want ek wil vry wees."

## 17 Maart 2020 - Lesing 5 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

### Antwoorde op ‘n Israel-voorganger se hardnekkige ontkenning van JaHshua se Elohim-status ImmanuEL.

Meneer. Dit help glad nie dat ons verder oor die Woord (Wie "toevallig" JaHshua Self is) redeneer nie, aangesien jy hardnekkig weier om die toestand na JaHshua se oorwinning en opstanding in ag te neem.

Dis waaroor alles in die Skrif dan heenwys, die tabernakel, die tempel, die Levitiese gebruike, alle aardse materiële afbeeldings wys tog net heen na die EEN WARE, die GESALFDE JAHSHUA wat sou kom, Wie die materie sou oorwin en Wie vir ons Wonderbaar, Raadsman, Magtige El, EWIGE VADER, Vredevors, sou wees, sodat Wie eens 'n onsienlike, onbereikbare alomteenwoordige JaHWeH was, nou ook in die Vlees sigbaar en tasbaar kan wees as JaHWeH(shua) die ENIGSTE VERLOSSER, EEN met Vader JaHWeH in ons gevalle toestand. Hy IN die Vader en die Vader IN Hom Wie nou as EEN GOD vir ons Herder, Verlosser, Koning, Priester, Broer, Vriend en Bruidegom kan wees!

Maar dat jy hierin mislei is, is nie so erg nie, ten minste erken jy nog dat JaHshua bestaan, wel nie as IMMANUEL (EL met ons) nie, maar as ’n klein handlanger of mensie wat vir ons vooruitgaan. Maar ek het werklik ’n probleem met jou manier van eksegese, deurdat jy ’n vers (**Jesaja 9:6**) blatant verdraai om jou siening te pas. Dis mos nie hoe dit werk nie, broer! Daar moet deurgaans respek betoon word vir die oorspronklike tekste!

Jou eie woorde word hier hierna gelys:

(**Voorganger X spreek):** “Baie maklik, lees net reg, jy weet mos daar was nie kommas en punte in die oorspronklike teks nie Jes 9:6 is 2 sinne.

*(Jesaja 9:6)"Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer. (Punt).*

*Hy (YHWH) word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Magtige El, EWIGE VADER, Vredevors –"*

So eenvoudig. Geen verwarring nie, die Bybel weerspreek nie.” (einde van Japie van Zyl se aanhaling)

Nog nooit in my lewe het ek so ’n blatante verdraaiing teëgekom soos wat jy met hierdie vers aangevang het nie. Wat sou jou doel wees?

n Vriend se kommentaar: Sjoe, dit is hartseer... **Jesaja 9:6-7**

*6 Want 'n **Kind** is vir ons **gebore**, 'n **Seun** is aan ons gegee; en die heerskappy is op **Sy** skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, **Magtige El, Ewige Vader, Vredevors -** 7 tot vermeerdering van die **Heerskappy** en tot **Vrede** sonder einde, op die **Troon** van Dawid en oor Sy koninkryk, om haar te bevestig en haar te versterk deur Reg en deur **Geregtigheid**, van nou af tot **in ewigheid**. Die Ywer van JaHWeH van die skeppings-leërmagte sal dit doen.*

**Lukas 1:32-33**

Lukas 1:32 Hy sal groot wees en die **Seun** van die Hoogste El genoem word; en JaHWeH Elohim sal aan Hom die **Troon van Sy vader Dawid** gee, 33 en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan **Sy Koninkryk** sal **daar geen einde wees** nie. [Boekrol van Henog 25:3; DaniEl 7:13-14]

**Jesaja 44:6**

*44:6 So sê JaHWeH, die Koning van JisraEl en Sy Losser, JaHWeH van die skeppings-leërmag: **Ek [is] die Eerste, en Ek [is] die Laaste, en buiten My is daar geen Elohim nie**. [Openbaring 1:8]*

*44:8 Wees nie verskrik nie, en moenie bewe nie! Het Ek jou dit nie lank tevore laat hoor en te kenne gegee nie? En júlle is My getuies! **Is daar 'n Elowahh buiten My**? Ja, daar is geen Rotssteen nie; Ek ken geeneen nie.*

***Sagaria 12:10** Maar oor die huis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem sal Ek uitgiet die Gees van Barmhartigheid en Smekinge; en hulle sal kyk **na My (JaHWeH) vir wie hulle deurboor het,** en hulle sal oor Hom rouklaag soos 'n iemand rouklaag **oor 'n enigste Seun** en bitterlik oor Hom ween soos 'n mens bitterlik ween oor 'n **eersgebore Kind**.*

Verstaan ek hierdie vers reg?! Help my asb, want dit lyk nou of hulle **JaHWeH Self deurboor het** met n spies.

Toe raak almal weg!

Aan alle kommentaar gelewer teen JaHshua, Wie nou EEN met Vader JaHWeH is!

En die stilte? Wat nou?

Waar en wanneer is Vader JaHWeH nou deurboor?

Julle kan nie net sommer hiervan weghardloop nie! Elkeen wat aktief geestelike brood in die Boerevolk aanbied, behoort voor die WOORD te buig, want elkeen van ons hou ander volksgenote se Ewige Lewens in ons hande deur ons lering.

Ook sal ons geoordeel word oor elke valse woord en begrip wat ons in ons aardse lewens uitgedra het.

My broers en susters, antwoord die Boerevolk, asb.!

## 18 Maart 2020 - Lesing 6 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

### Die NAAM van Elohim/Elohim openbaar EEN Wese

In die Ou Testament openbaar Elohim Sy Naam aan Moses as volg:

***Exodus 3 13*** *Hierop het Moshè tot die Elohim gespreek: Maar as ek by die kinders van JisraEl kom en aan hulle sê: Die Elohey van julle vaders het my na julle gestuur, en hulle my vra:* ***<u>Hoe is Sy Naam</u>****? - wat moet ek hulle antwoord?*

*14 En Elohim sê vir Moshè: EK IS WAT EK IS. Ook sê Hy: So moet jy die kinders van JisraEl antwoord:* ***<u>EK IS het my na julle gestuur.</u>*** *[JeHôWganan 8:18; Openbaring 1:8]*

*15 Toe sê Elohim verder vir Moshè: Dit moet jy aan die kinders van JisraEl meedeel:* ***<u>JaHWeH</u>****, die Elohey van julle vaders, die Elohey van Abraham, die Elohey van Isak en Elohey van Jakob, het my na julle gestuur.* ***<u>Dit is My Naam vir ewig,</u>*** *en dit is My Gedenkteken van geslag tot geslag. [Boekrol van die Opregte 79:43]*

***Jesaja 43:10*** *Júlle is My getuies, spreek* ***<u>JaHWeH</u>****, en My kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien* ***<u>dat EK IS</u>*** *- voor My Aangesig is geen El geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie. [JeHôWganan 8:24]*

JaHWeH openbaar Homself dus as **EK IS** en dat dit Sy Naam vir ewig sal wees. In die Boek van Herinnering - Nuwe Testament (direkte Griekse transliterasie) is hierdie "**EK IS**" frase ontdek en is dit, sover my kennis strek, in alle ander Bybels verborge.

***Lukas 22***

*70 En hulle sê almal: Is U dan die Seun van die Elohim? En Hy antwoord hulle: <u>Julle sê dat [dit]</u>* ***<u>EK IS</u>****<u>.</u>*

*71 Daarop sê hulle: Wat het ons nog getuienis nodig! Want ons het dit self uit Sy mond gehoor.*

Toe die dissipels vir JaHWèshua oor die water sien kom, skrik hulle en Hy spreek die volgende woorde met hulle:

***Lukas 24:39*** *Kyk na My hande en My voete,* ***<u>want EK IS</u>****. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie.*

Vir die Samaritaanse vrou by die put sê Hy die volgende;

***Johannes 4:25*** *Die vrou sê vir Hom: Ek weet dat die Mashijag kom, Hy wat die Gesalfde genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy ons alles verkondig.* ***26*** *JaHWèshua sê vir haar:* ***<u>EK IS HY</u>****, wat met jou spreek!*

In die Boek Johannes getuig Hy openlik oor wie Hy is, naamlik die **EK IS** van die voortyd:

***Johannes 8:17*** *En dit is ook in julle Wet geskrywe dat die getuienis van twee persone waar is.*

***18*** ***<u>EK IS</u>*** *getuig aangaande My; en die VADER wat My gestuur het, getuig van My.*

***19*** *Hulle sê toe vir Hom: Waar is U VADER? JaHWèshua antwoord: Julle ken My nie en ook nie My VADER nie;* ***<u>as julle My geken het, sou julle ook My VADER geken het.</u>***

***23*** *En Hy sê vir hulle: Julle is van benede, Ek is van Bo; julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie.*

***24*** *Ek het dan vir julle gesê dat julle in jul oortredinge sal sterwe;* ***<u>want as julle nie glo dat EK IS (is) nie, sal julle in jul oortredinge sterwe.</u>***

***25*** *Toe sê hulle vir Hom: Wie is U dan? En JaHWèshua antwoord hulle:* ***<u>Net dit wat Ek vir julle sê.</u>***

***28*** *En JaHWèshua sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die Adam verhoog het,* ***<u>dan sal julle weet dat EK IS</u>;*** *en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat My VADER My geleer het, dit spreek Ek. [Exodus 3:14]*

Hier kom dit weer so duidelik voor, naamlik dat as u en ek nie glo dat Hy, JaHWèshua die **EK IS** van die brandende bos is nie, sal ons in ons oortredinge sterwe! Komaan, as u nou nog nie oortuig is nie, wat moet nog aan u bewys word!

Ons sal egter voortgaan, omdat ons volledig wil wees. JaHWèshua beweer die volgende en die Jode word briesend, want hulle weet wat Hy vir hulle sê, naamlik dat Hy die **EK IS** is en dat Hy Abraham geken het.

***Johannes 8:56*** *Abraham, julle vader, het hom verheug* ***<u>dat hy My dag sou sien</u>;*** *en hy het dit gesien en het hom verbly.*

***57*** *Toe sê die Jode vir Hom: U is nog nie vyftig jaar oud nie, en het U Abraham gesien?* ***58*** *JaHWèshua sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle:* ***<u>EK IS voordat Abraham was</u>****. [Exodus 3:14]*

Hy sê die volgende aan Sy dissipels:

***Johannes 13:19*** *Van nou af sê Ek dit aan julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat*: ***<u>EK IS</u>****.*

***20*** *Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang HOM wat My gestuur het.*

## 20 Maart 2020 - Lesing 7 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

In die tuin van Getsemané gebeur die volgende: `n WOORD laat die vyand agteruit op die grond val, `n Woord wat al die Krag, Mag en Majesteit van Elohim in Homself gedra het, gespreek deur dieselfde Wese wat so vreeslik op Sinai gedonder het dat die sondige Volk Moses gesmeek het om liewer self met Elohim te spreek, want hulle kon die Stem nie hanteer nie.

***Johannes 18:4*** *En omdat JaHWèshua alles geweet het wat oor Hom sou kom, het Hy uit die tuin gegaan en vir hulle gesê:* ***Wie soek julle****?*

*5 Hulle antwoord Hom: JaHWèshua, die Nasaréner. JaHWèshua sê vir hulle dit:* ***EK IS****. En ook Judas, Sy verraaier, het by hulle gestaan.*

*6 Toe Hy dan vir hulle dit sê:* ***EK IS****, het hulle agteruitgegaan en op die Aarde geval.*

Enige mens met n Graad 5 wiskunde agter sy naam sal die volgende eenvoudige wiskunde beginsel kan verstaan:

**Aanname 1:**

As a=x en b=x,

dan moet a=b wees

**Aanname 2:**

As x=1, dan is a en b ook EEN.

**Kom ons kyk na die geval mbt die NAAM van Vader/ JaHshua beskryf as EK IS:**

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = **EK IS**

As JaHWèshua = **EK IS**

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

Daarom ook dat die Seun Self getuienis gee oor die Naam waarin Hy sal kom.

> ***Johannes 5:43*** *Ek het gekom in die* ***Naam van My VADER****, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem.*

Dit kan net as volg waar wees: "*Ek JaHWèshua wat beteken JaHWè - Verlosser het gekom in die Naam van My Vader JaHWeH, en as `n ander een in sy eie naam (Jesus) kom, hom sal julle aanneem.*"

Die twee profete in die Ou Testament, Elia en Elisa, soos ons hulle ken, bevestig ook hierdie verborgenheid vir ons. Hulle name word as volg in Hebreeus geskryf en beteken die volgende:

**EliJaHûW** beteken "My El is JaHWeH."

**Elishua** beteken "My El is Shua (verlosser)."

Gekombineer is dit "*My El is JaHWeHshua*".

Die eerste een, EliJaHûW stel JaHWeH van die Ou Testament voor wat die mantel oorgee aan die JaHWèshua/Verlosser van die Nuwe Testament. So het die volgende woorde dus `n verborge betekenis dat die TWEE eintlik EEN is!

> ***2Konings 2:2*** *En* ***EliJaHûW*** *het vir* ***EliShua*** *gesê: Bly tog hier, want JaHWeH stuur my na* ***BetEl****. Maar EliShua het gesê: So waar as JaHWeH leef en u siel leef, ek* ***sal u nie verlaat nie!*** *En hulle het* ***na BetEl afgegaan.***

So sou die Seun ook nooit die Vader verlaat nie!

Verder getuig Petrus die volgende oor hierdie Naam waardeur ons gered word en dat daar geen ander Naam gegee is nie, behalwe die Naam wat aan Moses by die brandende bos gegee is.

> ***Handelinge 4:10*** *laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van JisraEl dat deur die* ***Naam van JaHWèshua*** *die Gesalfde, die Nasaréner, wat julle gefolter het, maar wat Elohim uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.*
>
> ***12*** *En die Verlossing is in niemand anders nie, want* ***daar is ook geen ander Naam onder die Hemele wat onder die adamiete gegee is****, waardeur ons gered moet word nie.*

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = Naam

As JaHWèshua = Naam/Verlosser

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

# 21 Maart 2020 - Lesing 8 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

Ons gaan nou na `n hele paar van hierdie beloftes kyk waar die Vader en die Seun beide met sekere titels genoem word. Hiervoor gaan ons die eenvoudige wiskundige beginsel aanneem:

**Aanname 1:**

As a=x en b=x, dan moet a=b wees

**Aanname 2:**

As x=1, dan is a en b ook EEN.

Byvoorbeeld, as JaHWeH beskryf word as Koning en JaHWèshua ook as Koning, dan kan daar net Een Koning wees, daarom is JaHWeH = JaHWèshua = 1 wese = 1 Koning, want Elohim/ Elohim is EEN. (***Deuteronomium 6:4***)

***Deut 6:4:*** *HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey,* ***JaHWeH [is] EEN.***

Ons sal egter net weer die eenvoudige Waarheid aanhaal, sodat u nie verward sal raak oor waar die Vader Homself bevind ten opsigte van die Seun nie.

**Johannes_10:30** ***Ek en die VADER is een.***

***Johannes 14:9*** *JaHWèshua sê vir hom: Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus?* ***<u>Hy wat My gesien het, het die VADER gesien</u>***. *En hoe sê jy: Toon ons die VADER?* ***Johannes 14:11*** *Glo My dat* ***<u>Ek in die VADER</u>*** *is, en die* ***<u>VADER in My</u>***; *of anders, glo My ter wille van die werke self.*

Die Vader (JaHWeH as Ewige Liefde) is en sal dus altyd **<u>IN</u>** die Seun wees en wel in Sy Hart as Sy oergeestelike Sentrum. Die Vader is **NOOIT** buite die Seun nie, selfs nie wanneer die Seun tot die Vader gebid het nie, want gebed gaan na die innerlike Hemele en nie na die uiterlike toe nie. Daar bestaan geen uiterlike geestelike Hemele nie, maar slegs `n innerlike. Die uiterlike hemel bestaan slegs uit atmosfeer in sy verskillende materiële gasvorme, hoe hoër jy opgaan van die aarde.

Jy kan byvoorbeeld nie die Vader in `n denkbeeldige Hemel buite jouself bereik nie, jy kan die Vader slegs deur `n innerlike gebed na jou hart toe bereik, want die Oergees in jou, **<u>is die Hemele</u>** wat jy moet bereik. Die geesvonk in jou bevat al die eienskappe van die goddelike Gees en Vader JaHWeH is daarin. Maar hoe is JaHWeH daarin? Eenvoudig, as die mensgeworde Wese, JaHWèshua oftewel JaHshua. Dus moet jy jou tot JaHWèshua wend, jy moet Hom in jou geestesoog as mens sien, en dan moet jy jou gebed tot Hom rig, want in Hom is alles wat jy dan soek. Sê JaHWèshua dit dan nie Self vir ons nie?

***Johannes 14:6*** *JaHWèshua antwoord hom: Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe;* ***<u>niemand kom na die VADER behalwe deur My nie</u>***.

Ek is die WEG, WAARHEID en LEWE sê mos presies wie Hy is en wat Hy kom doen het. Sy Woorde is die **Weg** tot die Liefde, Hy wat as die Lig/Wysheid in die materie gekom het, is nou die **Waarheid**, daarom is die Gees van Waarheid vir ons uitgestort, `n ANDER Trooster (***Johannes 14:16***), en daardeur kom ons tot die Ewige **Lewe**.

**Joh_14:16** *EN Ek sal die VADER versoek, en HY sal julle 'n* ***ander Trooster*** *gee om by julle te bly tot in ewigheid: [Odes van Salomo 7:9; JesegiEl 36:26]*

***Eseg 36:26*** *En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en* ***'n Nuwe Gees in jul binneste*** *gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n* ***hart van vlees*** *gee. [JeHôWganan 14:16,17,26]*

U sien dus hoe JaHWèshua, as WEG, WAARHEID, LEWE ook die LIEFDE, LIG en LEWE is. Ons hoef dus nie tot die onbereikbare, gedugte, geestelike, JaHWeH, te bid nie, bid tot JaHWèshua, die Mens, **want die Ewige Liefde is <u>IN</u> Hom**. Bewandel JaHWèshua se Weg, beoefen JaHWèshua se Waarheid en jy het die ewige Lewe, so eenvoudig as dit. As Jy JaHWèshua het, het jy alles. Miskien sê u nou dat dit teenstrydig is met die Meester se gebed, "*Onse Vader wat in die Hemel is*". Bid daardie gebed, want Hy is nou ook u Vader in die Hemel, want die Vader is in Hom en nie buite hom nie.

### <u>BEWYS 1</u>: Word die Seun ook as Vader beskryf?

Is daar `n belofte in die Ou Testament dat daar `n Seun op aarde gebore sou word en dat Hy Elohim, sowel as Vader sou heet? Ja, sekerlik, ons vind dit in **Jesaja** en in **Matthéüs**:

> ***Jesaja 9:6*** *Want* ***<u>'n Kind</u>*** *is vir ons gebore,* ***<u>'n Seun</u>*** *is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman,* ***<u>Magtige El, Ewige Vader</u>***, *Vredevors - [Psalm_122:7] [JeshaJaH_63:16]*
>
> ***Jesaja 7:14*** *Daarom sal my Meester self aan julle 'n Teken gee: Kyk, die* ***maagd*** *sal swanger word* ***<u>en 'n seun baar</u>*** *en hom* ***<u>ImmánuEl (El met ons)</u>*** *noem.*
>
> ***Matthèüs 1:22*** *En dit het alles gebeur, sodat die Woord vervul sou word wat JaHWeH deur die Profeet gespreek het:*
>
> ***Matthéüs 1:23*** *Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en Hom* ***<u>ImmánuEl</u>*** *noem, dit is, as dit [uit Hebreeus] vertaal word:* ***<u>El met ons</u>***.

Omdat Elohim EEN is en omdat daar net EEN Vader is, is dit mos logies dat JaHWèshua nou die Enigste El is en ook die Enigste Vader, want hierdie profesie het mos bykans 2000 jaar gelede in vervulling gegaan. Die oersentrum van die Vader is in die Seun, en die Seun bevind Hom in die Vader. Lees die volgende verklaring van die Vader, JaHWeH in die Ou Testament.

> ***Jesaja 44:6*** *So sê* ***<u>JaHWeH</u>***, *die* ***Koning*** *van JisraEl en Sy* ***Losser***, *JaHWeH van die skeppings-leërmag: Ek [is] die Eerste, en Ek [is] die Laaste, en* ***<u>buiten My is daar geen Elohim nie</u>***.

***Jesaja 45:22*** *Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die Aarde!* ***<u>Want Ek is El, en daar is geen ander nie</u>***.

***Jesaja 43:10*** *Júlle is My getuies, spreek* ***<u>JaHWeH</u>****, en My kneg wat Ek uitverkies het, sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat* ***<u>EK IS</u>*** *-* ***<u>voor My Aangesig is geen El geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie</u>.*** *[JeHôWganan 8:24]*

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = Vader, As JaHWèshua = Vader

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = El/Elohim, As JaHWèshua = El/ Elohim (met ons)

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

**<u>BEWYS 2</u>: Wie is ons Verlosser, JaHWeH of JaHWèshua?**

Met die eerste oogopslag sal ons sekerlik sê, JaHWèshua is ons Verlosser. Kom ons lees die Skrif:

***Jesaja 47:4*** ***<u>Ons Verlosser - Sy Naam is JaHWeH</u>*** *van die skeppings-leërmag, die Aparte Een van JisraEl.*

***Jesaja 49:26 ....*** *Dan sal alle vlees gewaar word dat* ***<u>Ek - JaHWeH, Jou Verlosser is</u>****, en Jou Losser die Sterke van Jakob.*

***Jes 59:20*** *Maar vir Sion* ***<u>kom Hy as Verlosser</u>*** *en vir die <u>wat in Jakob hulle bekeer</u> van oortreding,* ***<u>spreek JaHWeH</u>.***

***Jes 60:16*** *En Jy sal die melk van nasies suig en die bors van konings suig en sal weet dat* ***<u>Ek - JaHWeH, Jou Verlosser</u>*** *is, Jou Losser die Sterke van Jakob.*

***Jes. 63:8*** *Want Hy het gesê: Hulle is tog My volk, kinders wat nie sal lieg nie.* ***<u>So het Hy dan vir hulle 'n Verlosser geword.</u>***

***Jes 63:16*** *Want U is ons Vader! Want Abraham weet van ons nie, en JisraEl ken ons nie.* ***<u>U, o JaHWeH, is ons Vader; ons Verlosser is van ouds af U Naam</u>****.* *[JeshaJaH_9:6]*

***Hosea 13:4*** *Tog was Ek -* ***<u>JaHWeH</u>****, jou Elohey van die Aarde van Egipte af, en* ***<u>buiten My het jy geen Elohim geken nie, ja, behalwe My is daar geen Verlosser nie</u>****.*

***Psalm 106:21*** *Hulle het hul* ***<u>El</u>*** *vergeet,* ***<u>hulle Verlosser</u>****, wat groot dinge gedoen het in Egipte,*

Daar kan dus geen ander Verlosser wees nie, anders maak ons van JaHWeH `n leuenaar. As die Seun dus die Verlosser is, en Hy is dit, dan kan Hy net JaHWeH Self wees en niemand anders nie. Die Seun as Verlosser in die Nuwe Testament:

***Lukas 2:10*** *En die Boodskapper sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle 'n goeie nuus van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees,*

***Lukas 2:11*** *dat vir julle vandag in die Stad van Dawid* ***<u>gebore is die Verlosser wat die Gesalfde, die Koning, is</u>****.*

***Hand 5:30*** *Die Elohey van ons vaders het* ***JaHWèshua*** *opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n hout te hang.*

***Hand 5:31*** *Hom het Elohim as* ***<u>Leidsman en Verlosser deur SY Regterhand verhoog</u>*** *om aan JisraEl* ***bekering en vergifnis*** *van oortredinge te skenk.*

Hierdie volgende vers kan nou met die voorafgaande kennis baie beter verstaan word en kan nou nie meer verwarrend wees nie.

***1Johannes 4:14*** *En ons het aanskou en ons getuig dat* ***<u>die VADER die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het</u>****.*

***1Johannes 4:15*** *Elkeen wat bely dat JaHWèshua die Seun van Elohim is - Elohim bly in hom, en hy in Elohim.*

Die Vader as die OerLiefde Self, het Homself in Vlees gehul en na die wêreld gekom as Seun van Elohim. Die oomblik as jy dit kan insien, deur na jou innerlike hemele te gaan in jou hart, sal jy die Seun daar binne vind, en daarmee saam die Vader, want Hy is in die Seun en nou is jy ook in Hom.

***Johannes 14:10*** *Glo jy nie dat Ek* ***<u>in</u>*** *die VADER is en die VADER* ***<u>in</u>*** *My nie? Die Woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die VADER* ***<u>wat in My bly</u>****, HY doen die werke.*

***11*** *Glo My dat* ***<u>Ek in die VADER</u>*** *is, en die* ***<u>VADER in My</u>****; of anders, glo My ter wille van die werke self.*

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = Verlosser

As JaHWèshua = Verlosser

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN = Verlosser

## 23 Maart 2020 - Lesing 9 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

**<u>BEWYS 3</u>: Wie is ons Koning; JaHWeH of JaHWèshua?**

In die Ou Testament profeteer Esegiël dat daar eendag uit twee houte slegs Een volk met Een koning sal wees. Ook Tsefanja sê iets soortgelyk.

***Esegiël 37:22*** *En Ek sal hulle een volk maak in die Aarde, op die berge van JisraEl;* ***<u>en een Koning sal vir hulle almal koning wees</u>****; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie.*

***Tsefanja 3:14*** *Sing met Blydskap, o Dogter van Sion, skreeu, o JisraEl, verheug jou!, en verhef [lof/sang] uit die hele hart, o Dogter van Jerusalem!*

***Tsefanja 3:15*** *JaHWeH het jou oordele weggewys, Hy het jou vyand uit die weg geruim;* ***<u>die Koning van JisraEl, JaHWeH is by jou</u>****, en jy sal geen besoedelde meer sien nie.*

***Jesaja 44:6*** ***<u>So sê JaHWeH, die Koning van JisraEl</u>*** *en Sy Losser, JaHWeH van die skeppings-leërmag: Ek [is] die Eerste, en Ek [is] die Laaste, en buiten My is daar geen Elohim nie.*

So sien ons in die Ou Testament dat JaHWeH die Koning van JisraEl gaan wees, ook dat daar net EEN Koning gaan wees. Maar ook die Nuwe Testament sê so. Hier getuig die Nuwe Testament dat JaHWeH, Wie Abraham geken het, die Koning is.

***Hebreërs 7:2*** *aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het - hy was in die eerste plek, volgens uitleg,* ***<u>Koning</u>*** *van Geregtigheid en dan ook* ***<u>Koning</u>*** *van Salem, dit is* ***<u>Koning</u>*** *van Vrede;*

Tog gaan die Nuwe Testament voort en sê dat JaHWèshua die Koning gaan wees.

***Johannes 1:49*** *Natanael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van Elohim,* ***<u>U is die Koning van Israel</u>****!*

***Matthéüs 2:2*** *en gesê: Waar is die* ***<u>Koning van JeHûWdah</u>****, wat gebore is? Want ons het Sy Ster in die Ooste gesien en gekom om Hom hulde te bewys.*

***Matthéüs 21:5*** *Sê vir die Dogter van Sion: Kyk,* ***<u>Jou Koning kom na Jou</u>****; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy, nederig en Hy ry op 'n esel - op 'n jong esel, die vul van 'n eselin. [ZekarJaH_9:9]*

***Johannes 12:13*** *palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep: Jashanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van JaHWeH, die* ***<u>Koning van JisraEl</u>****. [Psalm_118:26]*

Ook is JaHWèshua oor hierdie titel doodgemaak en is die woorde spottenderwys bo sy folterpaal geplaas, naamlik dat Hy sou beweer het dat Hy Koning van Judah is.

***Matthéüs 27:37*** *En bokant Sy hoof het hulle Sy beskuldiging in skrif opgestel: DIT is* ***<u>JAHWÈSHUA, DIE KONING</u>*** *VAN DIE MANNE VAN JEHÛWDAH.*

Ons kan dus net hieruit die volgende aflei:

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = Koning

As JaHWèshua = Koning

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN KONING

**<u>BEWYS 5</u>: Daar is net EEN Herder**

JaHWeH sê Self dat Hy die Herder is en dat Hy die skape sal oordeel.

***Esegiël 34:15*** ***<u>Ek self sal My skape oppas,</u>*** *en Ek self sal hulle laat lê en rus, spreek My Meester* ***<u>JaHWeH</u>****.* ***16*** *Die wat verlore is, sal* ***<u>Ek</u>*** *soek, en wat weggedryf is, sal* ***<u>Ek</u>*** *terugbring, en wat gewond is, sal* ***<u>Ek</u>*** *verbind, en die siekes sal* ***<u>Ek</u>*** *versterk; maar die vettes en die sterkes sal* ***<u>Ek</u>*** *verdelg:* ***<u>Ek</u>*** *sal hulle voed met Reg.* ***17*** *En wat julle aangaan, My skape, so sê My Meester JaHWeH, kyk,* ***<u>Ek sal oordeel tussen skape en skape,</u>*** *die ramme en die bokramme.*

Tog sê JaHWèshua dat Hy die goeie/rasegte Herder is in:

***Johannes 10:14*** ***<u>Ek is die rasegte Herder,</u>*** *en* ***<u>Ek</u>*** *ken* ***<u>My</u>*** *eie en word deur* ***<u>My</u>*** *eie geken.* ***15*** *Net soos die VADER* ***<u>My</u>*** *ken, ken* ***<u>Ek</u>*** *ook die VADER; en* ***<u>Ek</u>*** *lê* ***<u>My</u>*** *Siel af vir die skape.* ***16*** *Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na My Stem luister, en dit sal* ***<u>wees een kudde, een Herder</u>****.*

Weereens ons eenvoudige wiskundige bewys:

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = Herder

As JaHWèshua = Herder

Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN HERDER

## 24 Maart 2020 - Lesing 10 - Geen ander Elohim/Elohim buiten JaHshua nie

Vader JaHWeH sê dat hy sal oordeel tussen skape en bokke. Maar in die Nuwe Testament sê JaHWèshua die volgende oor oordeel:

***Johannes 12:47*** *En as iemand na My Woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red.*

***48*** *Wie My verwerp en My Woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel:* ***die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.***

***49*** *Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die VADER wat My gestuur het, Hy het My 'n Gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek.*

***50*** *En Ek weet dat SY Gebod die Ewige Lewe is. Wat Ek dan spreek - net soos die VADER vir My gesê het, so spreek Ek.*

Hieruit kan ons dus slegs aflei dat die Vader die oneindige en ewige Woord is, dat JaHWèshua die vleesgeworde Woord is en dat hulle EEN is.

### BEWYS 6: Wie is die Bruidegom - JaHWeH of JaHWèshua?

Die verwagting van die hele Christendom en JisraEl is dat daar uiteindelik `n huwelik sal plaasvind tussen óf die kerk en Jesus óf tussen die Volk en JaHWèshua. Maar hoe nou? In die Ou Testament staan die volgende:

***Jesaja 54:5*** ***Want jou Maker is jou Besitter (Man); JaHWeH van die skeppings-leërmag is Sy Naam****; en die Aparte Een van JisraEl is Jou Losser. Hy sal die Elohey van die hele Aarde genoem word.*

***Jesaja 61:10*** *Ek is baie bly* ***in JaHWeH****, My Siel juig in My Elohey; want Hy het My beklee met die klere van Lossing, My in die mantel van Geregtigheid gewikkel -* ***soos 'n Bruidegom*** *wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n Bruid wat Haar versier met Haar juwele.*

In die nuwe Testament staan die volgende oor JaHWèshua wat dan die Bruidegom is!

***Lukas 5:34*** *En Hy sê vir hulle: Kan julle die seuns wat die Bruidskamer voorberei dan laat vas* ***solank as die Bruidegom by hulle is****?*

*Mat 25:6 En middernag was daar 'n geroep: Daar kom die* ***Bruidegom****; gaan uit hom tegemoet!*

*Mat 25:13 Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die* ***Seun van die Adam*** *kom nie.*

***Openbaring 21:2*** *En ek, JeHôWganan, het die Stad van Apartheid, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van Elohim uit die Hemele, toeberei* ***soos 'n Bruid wat vir Haar Man versier is.***

***Openbaring 21:9*** *En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen,* ***ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam****.*

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = Bruidegom
As JaHWèshua = Bruidegom
Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

### BEWYS 7: Wie is nou die Eerste en die Laaste, die Alfa en die Omega?

***Jesaja 41:4*** *Wie het geskep en tot stand gebring? Hy wat die geslagte uitgeroep het vanaf die begin; Ek -* ***JaHWeH****,* ***die EERSTE, en die LAASTE - EK [is] HY****.*

Hier is dit duidelik dat JaHWeH die eerste en die laaste is, dus die oneindigheid self. Maar kyk nou net wat sê die Seun van Homself!

***Openbaring 1:13*** *en tussen die sewe kandelaars Een soos die* ***Seun van die adam*** *met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. [Exodus_25:34]*

***17*** *En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete; en* ***Hy*** *het Sy Regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie;* ***Ek is die eerste en die laaste***

***18*** *en die lewende; en* ***Ek was dood*** *en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amein. En Ek het die sleutels van die Doderyk/Sheol en van die Dood.*

As JaHWeH dus `n oneindigheid is, hoe kan `n ander oneindigheid naas Hom bestaan? Wiskundig gesproke kan daar slegs een oneindigheid bestaan en nie meer as een nie. Die enigste bestaansmoontlikheid is dat die Seun in die Vader is en die Vader in die Seun en dat daar slegs **EEN** begin en einde, dus **EEN** Alfa en Omega is.

**Aanname 1 en 2:**

As JaHWeH = Begin en einde
As JaHWèshua = Begin en einde
Dan is JaHWeH = JaHWèshua = EEN

Hier is nou 7 bewyse gegee waar dit onteenseglik bewys word dat JaHWeH = JaHWèshua en dat Elohim EEN is. Ek lys hulle vir u:

**BEWYS 1:** Die **Seun** word ook as **Vader** beskryf.

**BEWYS 2:** Ons **Verlosser** word beide as JaHWeH en JaHWèshua beskryf.

**BEWYS 3:** Ons **Koning** word beide as JaHWeH en JaHWèshua beskryf.

**BEWYS 4:** Die **NAAM** openbaar EEN Wese

**BEWYS 5**: Ons **Herder** word beide as JaHWeH en JaHWèshua beskryf.

**BEWYS 6**: Ons **Bruidegom** word beide as JaHWeH en JaHWèshua beskryf.

**BEWYS 7**: Beide JaHWeH en JaHWèshua verwys na Hulleself as die Eerste en die Laaste, die **Alfa en die Omega.**

Daar is dus NET EEN!! En Sy Naam is JaHWèshua of JaHshua.